

## **WHY IS BULL SELECTION SO IMPORTANT?: 2005**

Even though the bull contributes 50% of its genetic make up to each calf, the number of calves he sires, dramatically increases the magnitude of its contribution. In three successive generations, the bulls account for 87% of the genetic variation of calves currently in your herd. In fact, bull selection accounts for 80% to 90% of the genetic improvement in your herd.

T.o.v. bouvorm (bulle) haal ek graag woordeliks vir Prof. Jan Bonsma aan soos hy in sy boek "Livestock Production – A Global Approach" op bl 103 Tabel 8 die "Standard of Excellence of Bonsmara cattle" beskryf

### **ITEM**

### **DESIRABLE**

Functional efficiency – fertility

*Bull: **Masculine** and virile, high libido.*

*Body conformation*

*Symmetrically balanced bulls; **clearly defined muscles***

*General form and type*

*Bulls: Deep in front but **well - muscled in** hind quarters*

*Neck*

*Well – developed crest and **clearly defined muscles** in bull*

*Shoulders*

*Bull: Neat attachment, free moving, **well muscled***

*Back*

*Broad, straight. Bull: **Muscles** over loin **pronounced***

Loin

**Prominent, giving the impression of strength**

Hind quarter and thighs

**Muscles clearly defined in bulls**

*Selfs in die 1960's het Prof. Jan goed geballanseerde en sterk bespiede bulle as die gewenste tipe beskryf.*

### **Die kontroversiële afdeling van hierdie Nuusbrief:**

Dit is om hierdie redes dat ons groot moeite doen met ons bulseleksies en ons probeer om altyd die beste bulle beskikbaar te gebruik. Om middelmatige bulle te gebruik beteken jy "trap water". Om natuurlik "beste" te definieer is moeilik en kan van teler tot teler verskil. Ons definisie van "beste" is die volgende:

- o Baie goeie bouvorm en tipe – wat insluit goeie manlikheid, bespieroing, medium raam en goeie balans.
- o Aanvaarbare teelwaardes – wye maksimum en minimum grense. In ons toestand – eerder laer as hoër teelwaardes.
- o Aanvaarbare prestasie syfers.
- o Ons wil graag 'n bul gebruik uit 'n top moeder – top vrugbaarheid en retensie en top bouvorm (vroulik, wigvormig, goeie uier en spene en uit 'n lang lyn van goeie moeders.)

As u 'n bul identifiseer wat aan al vier bogenoemde punte voldoen, is dit die bul om te gebruik. Hoogstens sal ons in sekere gevalle een van die punte gedeeltelik prysgee as hy spesifiek in die ander drie punte baie sterk is.

*Drie aanhalings van Prof Bonsma soos opgeteken in die 40 jarige Bonsmara Gedenk Joernaal.*

*"Inteel is geen probleem in 'n ras waar jy soveel prestasie getoetsde diere het soos by die Bonsmara-ras nie. Die inteel storie word oordryf." – bl VI*

*"As 'n mens jou moederlyne geïdentifiseer het en jy teel 'n bul daaruit, is jy ten minste 90% seker dat die bul jou swakker moederlyne gaan verbeter."- bl VI*

*“A sexually active bull is alert and interested in it’s immediate environment. Bulls mustn’t be dreamers” - page 11.* Die volgende is algemene stellings vanuit verskeie bronne. Al hierdie stellings word gemaak deur wetenskaplikes en is werk wat gedoen is deur Universiteite en Proefplase, die meeste hiervan is ook gepubliseer in Wetenskaplike Tydskrifte soos die “American Journal of Animal Science” – iets om oor na te dink en sommige ook kontroversieel.

*“Die sleutel tot goeie konsepsie is ‘Liggaams kondisie telling’ by die tyd van kalwing.”*

“Vir die beste kondisie telling (en dus die hoogste konsepsie) – kalf so na as moontlik aan die langste dag van die jaar – 22 Desember. Indien jy hierdie tyd laat kalf kan jy ook die laagste koste spandeer op die koei/kalf eenheid.” (Ek weet net nie watse “krappe” gaan ons speen nie – en kan ons regtig soveel staat maak op soveel kompensatoriese groei? Maar as kostes knyp, kan hierdie dalk ‘n oplossing wees.)

“If calves are not sold at weaning, ..... weaning weight becomes a fairly unimportant number.” Vir ‘n vers om op haar tweede verjaarsdag te kalf moet haar eerste siklus op 400 dae wees. “Die konsepsie by verse was 21% hoër by verse wanneer hulle in hul derde siklus gedek is versus die eerste of tweede siklus na puberteit.” “The heifer born during months of long photoperiods, experienced pubertal oestrus at a younger age. This could result in an age difference of up to 60 days.” “A 45 day breeding season increases conception rate when compared with longer periods. The suggestion is to use the bulls only when there is a respectable chance that the females will conceive – a high body condition score is essential. Culling open cows after a 45 day exposure to bulls rapidly increases herd fertility.”

“Calving closer to the longest day of the year gives the cows the opportunity to increase body condition score prior to calving and helps to reduce the postpartum interval.” Bul stimulasie van koeie met lae liggaams kondisie telling kan ‘n positiewe effek he op die interval van kalwing tot by estrus. Ons weet dit werk definitief by skape! Om kalwers vroeg te speen (heeltelmal weg te neem) het ‘n beduidende effek op die vermindering van die dae vanaf geboorte tot estrus. Om kalwers (45 dae en ouer) 48 uur af te hok kan koeie “natuurlik” sinchroniseer. Om kalwers elke aand gedurende die dekseisoen af te hok kan ook jou kalf persentasie beduidend verbeter.

“Speen massa verhouding begin drasties afneem by ongeveer 500kg koei massa. Die bevinding is dat koeie oor 570kg baie ondoeltreffend raak in terme van kilogram gespeen teenoor kilogram onderhou.” “Koeie kan soveel as 20% van hul liggaamsmassa verloor op sekere tye van die jaar, (veral na kalwing) sonder enige skadelike effek op lang termyn produktiwiteit, op die voorwaarde dat hulle in goeie kondisie is met kalwing en vanaf die periode waar hulle begin gewig verloor.” D.w.s `n 500 kg koei kan tot 100kg verloor – moet net nie dat sy te maer kalf nie! “Verse op beperkte voeding na speen het op 430 dae ouderdom (na 100 dae van goeie voeding) dieselfde geweeg as hulle maats wat heelyd “gevoer” was.” Kompensatoriese groei is `n werklikheid en ons as beesboere behoort dit te benut.

*“Beskikbare data dui daarop dat groeitempos van meer as 600 – 700g per dag ‘n permanente negatiewe effek op uierontwikkeling van melkbeeste het. Die kritiese periode is vanaf 2 maande ouderdom tot ongeveer 2 maande na puberteit.” Presiese data vir vleisbeeste is nie beskikbaar nie – maar met ons vroeë kalwings in die lente en toenames van geboorte tot speen van 1kg per dag en meer – maak ons nie dalk droog nie? As ons later kalf (22 Desember?) gaan ons nie beter verse grootmaak nie? Ons gaan “skinny heifers” he maar dalk beter koeie!*

Om kalwers te speen deur hulle te skei van hulle moeders met ‘n sterk heining in die veld, is die beste speenpraktyk – vir die kalwers en die moeders. Bogenoemde is uittreksels uit wetenskaplike artikels – die volgende is ons eie mening – opgemaak uit eie ondervinding.

### Teelwaardes

*Ons het vrede gemaak met teelwaardes in die sin dat ons dit sien as net een van baie hulpmiddels en **nie** die eerste of belangrikste hulpmiddel nie. Ons is ook seker dat waar ons boer, met koue, lang winters en weiding met baie lae voedingswaarde vir die grootste deel van die jaar ons verseker nie hoë teelwaardes kan he of dit gaan nastreef nie. Onder hierdie toestande behoort ons dalk selfs laer as rasgemiddelde teelwaardes te he. Onthou Blup is ‘n manier van meet – ons wat Blup gebruik besluit self waar ons teelwaardes behoort te le – dit is nie Blup se skuld as ons verkeerde tipe beeste teel nie – dit is ons eie skuld - in meeste gevalle is ‘n groot positief beslis nie beter as ‘n klein positief of selfs as ‘n negatiewe waarde nie. Dit is net menslik, omdat ons van kleins af so geleer word, dat ons glo positief is beter as negatief – met teelwaardes moet ons waak teen ons instink.*

*Deur groot indekse te jaag het ons die Bonsmara amper groot skade aangedoen – groot Blupsyfers gaan dieselfde, net nog vinniger doen! Ons lees en word gereeld vertel dat*

*klein raam koeie meer ekonomies, meer doeltreffend en vrugbaarder is as grootraam koeie – **on***